Weekbrief 26/2019

23 Augustus 2019

GESTIG 1870

TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 Posbus 22, PORTERVILLE, 6810 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

REKORDEKSAMEN & TOETSREEKS AUGUSTUS/SEPTEMBER 2019

Die toetsreeks neem in aanvang op Maandag, 2 September en eindig op Dinsdag, 17 September vir graad 7-11. Die Graad 12 Rekordeksamen neem amptelik in aanvang op Woensdag, 28 Augustus en eindig op Dinsdag, 17 September. Die volgende Graad 12 Besigheidstudie word op Dinsdag, 27 Augustus (08:00-11:00) afgelê.

SKOOLURE tydens die toetsreeks 07:30-14:00.
Geen Religie tydens toetsreeks nie.
GEEN Algemene Kennis gedurende Toetsreeks.
Afsluiting: Vrydag, 20 September

SPESIALE SAALBYEENKOMS: WOENSDAG, 28 Augustus 2019
Bekendmaking van nuwe VRL 2019/2020

Die Rekordeksamen—en Toetsrooster word ingesluit vir u gerief.

INTERSKOLE 2019

DIE NETBALSKILD IS WEER WAAR DIT HOORT!

Hoërskool Porterville se vreugde vure kan weer hoog brand!
Ons het weer die Interskole DAG gewen!

Nie net het die 1e netbal- en O·13A netbalspanne gesorg vir opwinding en welverdiende oorwinnings nie, maar al die kinders van HSP laat die skool met 'n trotse hart deur hul optrede, spangees en veggees op en van die baan· Die O·15B rugbyspan het ons besonder trots gelaat!

15 redes hoekom kompetisie goed is vir ons kinders:

Kompetisie dryf kinders om vinniger te leer en op 'n hoër vlak te presteer.
Kompetisie leer kinders om hul beste poging te gee.
Kompetisie leer kinders om hul senuwees te bestuur.
Kompetisie moenie gevrees word nie.
Kompetisie leer ons kinders om kanse te waag.
Kompetisie leer ons kinders om die situasie te hanteer as dinge nie volgens plan verloop nie.
Kompetisie help kinders met doelwitstelling.
Kompetisie leer ons kinders om volgens die reëls te speel.
Kompetisie help ons kinders om te leer hoe om te wen en te verloor met grasie.
Kompetisie is pret.
Kompetisie bou ons kinders se selfagting.
Kompetisie leer ons kinders "commitment".
Kompetisie gee ons kinders 'n ander "behoort-gevoel".
Kompetisie gee geleentheid om te reis.
Kompetisie veroorsaak dat kinders beter vaar op skool.

Dit is waarvoor Hoërskool Porterville staan!

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

MATRIEKAFSKEID (SIEN BL. 4) →